



# Raaiselkind

Saamgestel deur
GRIZÉLL AZAR-LUXTON en
MARINA LOFTY-EATON
**Langebaan Leeskring**

*__Raaiselkind__ het diep spore in die leserswêreld getrap en nadat die __KB__ redaksie 'n leeskringbespreking van Langebaan ontvang het, het ons aan die werk gespring om meer oor die skrywer, die boek en mense se reaksie daarop te kry. Ons plaas die boekbespreking en daarnaas brokkies van ander bydraers - ook Annelie Botes se 'reaksie'...*

Dis die verhaal van 'n doodgewone voorstedelike gesin met twee dogtertjies wat twee jaar uitmekaar verskil, wat met vriende op karavaanvakansies gegaan het, 'n pa wat saans met sy dogters in die bed lê en stories lees het, man en vrou wat saam Krabbel speel sommer met die pot moerkoffie op die verwarmer, dogtertjies wat opvoerings hou op die stoep. Die gesin verander drasties met Alexander se geboorte. Die dogters was onderskeidelik nege en elf jaar oud. Van die begin af huil die baba onophoudelik. Op twee jaar hou die baba meteens op met huil die Sondagoggend terwyl die kerkklokke lui. Op drie en 'n half jaar word hy gediagnoseer as outisties. Die ma wat in die plaaslike bank werk, kom doodmoeg saans tuis, neem die bruin huishulp weg, loop nag vir nag om met die skreeuende kind in die stootwa in die strate. Op tien weke gaan die pa die baba te lyf. Binne enkele weke verander die liefde van 'n pa wat uitgesien het na sy seunskind se geboorte in haat. Die gesin gaan toenemend gebuk onder die finansiële las wat die kind se mediese kostes teweegbring. Die kleindorpse gemeenskap verwerp die gesin toenemend met die kerk vooraan. Vyf jaar later pleeg die pa as 'n volslae alkoholis selfmoord deur een nag van 'n brug af te spring. Die dogters word in 'n koshuis geplaas met bitter min kontak met hul ma.

Die ma, in voorkoms en gees afgetakel, is vriendeloos, volkome afgesluit van die gemeenskap en woon saam met die seuntjie en haar huishulp in 'n huis wat vir die vreemdeling skokkend verwaarloos sou lyk, vol gate in die mure, geskeurde kussings, afgerukte gordynkappe en kossmeersels teen die mure en meubels.

Die seuntjie sterf uiteindelik 'n onnatuurlike dood, met die moeder self as hoofverdagte.

## Milieu

Die boek speel af op 'n plattelandse dorp, hoofsaaklik in die huis van die Dorfling gesin, ouers van Alexander, die raaiselkind en in die huishouding van Miriam Slangveld, sy bruin oppasser. Dit word afgewissel met Ingrid Dorfling se besoeke aan haar vriend, Gunter, se plaas asook 'n besoek aan die Rooikruis Kinderhospitaal in Kaapstad, deur Alexander en sy ouers.

Dit is 'n eietydse verhaal.

## Verteller

Die verhaal word terugskouend vertel. Die onmenslike ondervraging van Ingrid word afgewissel met haar terugflitse na die verlede, asook die handelinge en perspektiewe van Miriam, Alexander se oppasma - die een vertroueling wat Ingrid deur dik en dun bystaan.

Omdat elkeen se stem outentiek hare is, belig dit 'n intiem persoonlike situasie van twee kante.

## Karakters

*Ingrid Dorfling*

Vrou van Dawid Dorfling, ma van Teresa, Zettie en Alexander. Sy werk in die plaaslike bank, behoort aan die VLV-leeskring, tennisklub en wyksbidure. Sy het drie naby vriendinne, naamlik, Lida, Hannah en Mirna. Na die geboorte van haar laatlam, 'n outistiese seuntjie, word brûe stelselmatig afgebrand tussen hulle. Met bitterheid leer Ingrid dat sy gewone naasteliefde moet ontbeer as dit persoonlike ongerief of ontwrigting kan veroorsaak. Baie gou besef

sy dat sy alleen verantwoordelik is vir die welsyn van haar kind. Sy kan nie op haar man staatmaak wat as gevolg van die oneindige eise wat so 'n kind stel, al hoe meer gryp na drank nie. In sy woedebuie loop sy telkens deur onder sy fisieke aanranding. Sy beleef nege jaar van marteling en hel. Soms vind sy wel die krag om vir Dawid te troos; nie omdat haar kragte meer is as syne nie, maar omdat die dierding in haar sterker is as die dierding in hom. Sy soek oral hulp. Luister na elkeen se raad. Van Ou Dokter tot die Kaapse spesialiste, 'n homeopaat, Tante Koekoes en Miriam se rate. Elke beskikbare boek verslind sy. Elke spaar sekonde, elke spaar sent gee sy. Offer sy.

Al grom hy vir haar, al skop hy haar in die gesig as sy sy voetsole wil soen. Sy voel 'n patetiese ma, maar sy weet sy is nie 'n slegte ma nie. Nege jaar was sy dokters en sielkundiges se probleemgeval. Dawid se slaansak. Die kerk se afgedwaalde skaap. Sosiale pessiekte. Sy het nie geweet hoe om haar middeldeur te kap sodat elkeen vir wie sy lief is, 'n stukkie kon kry nie. Nege jaar van sielehel. Ingrid kan nie meer huil nie. Die bron van haar emosies bestaan nie meer nie. Alexander het dit doodgedruk. Sy word gearresteer na sy dood maar sy is nie 'n moordenaar of 'n bandiet nie. Geen enkele vriendin om voor te sê haar kind is dood nie. Sy weet nie wat om met die hartseer te maak nie, wat dis 'n hartseer sonder naam. Iets is weg. En al wou sy die iets in latere jare nie meer besit het nie, wou sy ook nie gehad het dit moet weggaan nie.

Ingrid is 'n sterk vrou wat as gevolg van haar liefde vir haar kind die krag en genade kry om hom aan te hou lief hê al tuimel alles verder om haar in. Sy kry ook genade om weer 'n man lief te kry na Dawid se dood, in die persoon van Gunter.

*Miriam Slangveld*

Bruin huishulp van die Dorfling gesin, van Noordhoek, Uitbreiding No 23. Vrou van Jeremia Slangveld, ma van Katrien, Sakkie, Evert en Josef en oorle Letjie. Miriam, moederhen wat hul onder haar bruin vlerkvere ingedruk het, Miriam wat op somber dae 'n bakhand vol vertroosting uitgedeel het, Miriam wat gesê het die son sal hul in die heldere dag nie steek nie, ook nie die maan in die nag nie, Miriam wat gebore is met 'n maaghelm wat baie meer praatkrag het as 'n kophelm. Vir haar was hy Boetatjie. Dis sy wat vir hom onder die boom tot satwordens toe sing, **Jesus roep my vir 'n sonstraal**. Dis haar naam wat hy kan sê. Waaruit sy ganse woordeskat bestaan. Een woord, Mimmi. Boetatjie was haar grootmaakkind. 'Oppas by die stoof Boetatjie kom ons gaan koop piesangs Boetatjie, luister Boetatjie daar kom die ice-cream-kar, dis te koud hier Boetatjie. Dis sy wat weet Boeta weet wat die mense praat. Sy weet sy kop kan dink. Sy weet hy kan tel, tyd lees en hy ken sy kleure. Smeek by Miss Ingrid om Boetatjie aan 'n masjien te laat koppel sodat hul 'n skrik deur sy lyf kan stuur. Sy dra die Dorfling-gesin, vir Jeremia en vir Evert aan die Here op soggens vroeg agter die hoenderhok. Sy verstaan Ingrid se hartseer. Op bladsy 184 sê sy: 'Jou tjint is jou tjint, of jy middelnag opgebondel agter die hoenderhok sit met jou hart se droewenheid, of middelnag op jou maag op 'n breë kooi met 'n klaargekoopte deken loop lê en jou droewenheid op 'n sawwe kussing uithuil is maar alles eenderster.' Vir haar is dit snaaks hoe die witmense leef. Leen nooit eens van mekaar 'n lepeltjie kerrie nie. Eet nie van een brood af nie. Geen warmte en vergifnis in hul harte vir mekaar se stryd en bitterheid nie. Sy dink aan Ant Rosie wat nie 'n duimnael se kommer oor Tompie het nie. Die hele lokasie hou oog oor Tompie oor die 30 jaar al. Sy maak Jeremia uit vir 'n slegte helsem, 'n kort kop, 'n fyne liegter, maar as hy haar die nag by die polisiestasie kom haal, vermurwe sy.

Miriam, die een vertroueling wat Ingrid deur dik en dun bystaan, 'n Onvergeetlike karakter juis vanweë haar subtiele insig in die werkinge van die mens se gees wat sy uitsê in kleurvolle en beeldryke taal. Boonop sorg sy kort-kort vir 'n glimlag in hierdie somber verhaal.

*Alexander, die raaiselkind*

Op die oggend van sy tweede dag op aarde begin die baba skree dat hoor en sien vergaan. Niks kry hom stil nie alvorens sy tweede lewensjaar toe hy een Sondagoggend plotselings stil bly om te luister na die gelui van die kerkklokke. Op tien weke kry hy se eerste slae van sy pa en van toe af praat Dawid van hom as 'die kind'. Op ag weke, nadat Ou Dokter nie raad het nie, gaan hul na 'n kinderspesialis. Die kind is normaal. Daarna na 'n oor-, neus- en keelspesialis, na 'n ortopeed, na 'n homeopaat. Miriam kom met die raat van daggatee, sê hul moet die Indiër in die lokasie probeer wat duiwels uitdryf. Rooibostee, kruisementtee, warm whisky, suikerwater, slaapstroop, soetolie, warmwatersak, steekpille, krampdruppels. Niks help nie. Hy sit van dagbreek tot skemeraand op die klavierstoel en tokkel met sy middelvinger op F-Kruis tot gekwordens toe.

Na drie en 'n half jaar kan sy ma die betekenis van die skynsel in die baba se oë verstaan: Outisme. Dag vir dag kap hy met sy beiteltjie die pleister van die mure af. Sy dieët bestaan slegs uit koue fyn pampoen, piesang en kaassmeer. Hy voel deur sy kos vir klonte. Hy eet net uit spierwit porseleinborde, sonder blommetjies of goue randjies, anders gooi hy dit stukkend. Hy's lief vir stil donker plekke. Vlug telkens na sy lappeboks of na die besemkas.

Later word 'n toestand van epilepsie by hom gediagnoseer. Die reën op die dak, lopende krane en blasende haardroërs maak hom waansinnig. Dis na so 'n uitmergelende besoek aan die haarsalon dat Ingrid die aand aan die slaap raak, terwyl sy die badwater getap het om die besmeerde kind te bad, dat Alexander verdrink.

*Dawid Dorfling*

Hy is die plaaslike posmeester en word maklik deur die mense vertrou. Hy't altyd 'n oor gehad vir ander. Dawid wat poker speel vir geld, Saterdae geld verwed op die perde, raad gee oor jaggewere, visstokke, boomhuise. Hy was op elke kommissie, raad en komitee. Dawid die voorlagter en die voordanser. Dawid wat lief was vir kostuinmaak en stories vertel. Hy was 'n goeie pa vir Zettie en Teresa. Dawid wat so opgewonde was oor die laatswangerskap dat hy dit nie geheim kon hou nie. Hy was selfs by tydens die bevalling. Gou-gou raak die baba met sy veeleisende aard die ontwrigter van die gesin en versteur onderlinge verhoudings. Dawid begin selfs in die middel van die week laat tuiskom. Gryp al hoe meer na drank. Gaan geweldig gebuk onder die finansiële druk wat Alexander se mediese kostes teweegbring totdat hy dit later nie maak kan uithou nie en een nag van 'n hoë brug afspring.

*Gunter*

Vriend van Dawid, die boer wat tot Alexander kan deurdring en geliefde van Ingrid, is minder oortuigend en nogal 'n vae karakter. Hy, saam met baie ander manlike karakters soos die dominee en die dokter, vorm min of meer 'n span ruggraatlose mans in hierdie verhaal teenoor die solidariteit van Miriam en Ingrid. In hierdie verhaal word die vrouens elke keer aan hul eie lot oorgelaat wanneer dit kom by die maak van 'n keuse.

*Zettie en Teresa*

Hulle was onderskeidelik nege en elf toe Alexander gebore is. Daar was nooit 'n verknogtheid aan hul boetie nie, net 'n kloof tussen hom en die meisies. Te veel male moes hul krom loop onder die vrag wat hy op hul skouers afgelaai het. Hy't hul speelgoed, hul mooimaakgoed en hul meisiekindgoed gebreek. Skryf op hul kamermure.

Skeur bladsye uit hul skoolboeke. Voor sy koms was daar gedurig maats. Partytjies gehou met ballonne en kabouterkoeke.

Maar die stroom het gou-gou opgedroog. Daar was nooit meer maats wat oorgeslaap en kom kuier het nie. Geen seunsvriende toe hul groter was nie. Hul huis was 'n huis van skaamte. Plesierloos. Mure vol pampoenspatsels. Piesangpulp teen die plafonne. Nooit geld gehad vir mooi klere of CD's nie. 'Ma "sacrifice" alles vir Alexander en ek en Zettie is ook hier.'

Die dogters wat skerm vir hul ma, wat ma kom aflos in die straat met die stootwa, wat vir haar 'n broodjie bring. Zettie en Teresa wat nader aan mekaar op die bank skuif en maak of hul nie hul slingerende pa raaksien nie. Ligstrepe onder hul deure was stille getuienis dat hulle in die huis was. Stil, maar onmisbare karakters wat die druk op Ingrid en Dawid probeer verlig het.

## Tema

'n Ongewone speurverhaal, die. Een waarin die donker, onverstaanbare wêreld van 'n outistiese kind stuk vir stuk aan die leser blootgelê word. Saam daarmee word ook die ontwrigte wêreld van die gesin van so 'n kind stip bekyk, die grense van die menslike uithouvermoë en die tragedie van 'n gemeenskap wat in sy ondersteuningsfunksies faal. Dat Ingrid die ma 'n geloofstryd ontwikkel, kan kwalik anders, paradoksaal genoeg net so begryplik as Miriam, die huishulp, wat al hoe meer op haar geloof steun, al verstaan sy ook al hoe minder. Die verskil in die hantering van ooglopende parallelle situasies in albei gemeenskappe is 'n vingerwysing na die wit gemeenskap en die kerk. Dis nie 'n tema wat die gemoed sus nie, maar wat my wel enduit geboei en baie meegevoel laat ervaar het met die pyn van die soort gestremdheid waarmee die meeste van ons maar selde te doen kry.

## Taal en styl

Die verhaal is uitmergelend, maar loop teen die snelle pas van 'n speurverhaal. Dis boeiend en 'n mens kan beswaarlik die boek neersit. Die geestelike en fisieke aftakeling wat 'n outistiese kind in die lewe van 'n huisgesin veroorsaak, word met 'n meedoënlose eerlikheid beskryf. Omdat Botes in die Uniondale-wêreld grootgeword het, het sy 'n goeie kennis van Bruinafrikaans en kon met gemak Miriam se kop binnedring. Sy skryf spontaan oor die plattelandse leefwyse. Die ligte onsekerheid waarmee die leser aan die slot gelaat word, red die boek van sentimentaliteit.

## Stemming

'n Stewige spanningslyn word gebou, deurdat Ingrid Dorfling die heeltyd deur Kolonel Herselman ondervra word, nadat Alexander in die bad verdrink het. Die 48 uur word afgewissel met die voorafgaande nege jaar wat net so senutergend was. Die spanning verslap gereeld met Miriam se koddige sêgoed en daar word gedurig draakgesteek met die wit gemeenskap deur die bruin gemeenskap. Die verhaal slot sonder 'n antwoord, maar omdat dit so 'n sterk storie op homself is, hinder dit nie veel nie.

## Titel en voorblad

Die boek kon geen beter naam gekry het as **Raaiselkind** nie, want die kind is van geboorte af vreemd, anders. Die buiteblad is ontwerp deur Laura Olivier en dis na aanleiding van 'n kortstondige droom wat Ingrid in die tronk gehad het, toe sy van uitputting aan die slaap geraak het.

## Resensies

*Dorothea van Zyl - Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit van Stellenbosch*

Die merkwaardige prestasie van Annelie Botes is dat sy 'n verhaal wat nie soseer verrassings ten opsigte van die gebeure inhou nie, so boeiend vertel dat 'n mens beswaarlik die boek kan neersit. Wel ietwat verwarrend met betrekking tot die chronologie is dat dit deurgaans lyk of Ingrid en Miriam se belewenisse in die 'hede' parallel plaasvind, maar uiteindelik speel dit klaarblyklik op verskillende tydstippe af. Die dubbele aanbod hang saam met een van die belangrikste boodskappe in die roman: die onbarmhartigheid van die wit gemeenskap, teenoor die naasteliefde en ontferming van die werkersgemeenskap. Miriam verkies nie verniet 'n 'bruin hemel' nie. In die geheel gesien, lewer Annelie Botes met hierdie roman weer volop bewyse van waarom sy 'n bekroonde skrywer is wie se werk 'n groeiende leserspubliek boei.

*Dr Cecile Cilliers - vryskut joernalis*

Die flapteks, naamlik **Raaiselkind**, is misleidend: dit is nie die geheim van outisme wat hier genadeloos oopgevlek word nie, maar wel die kruis wat dit meebring. Dis 'n meevoerende boek wat Ingrid se aftakeling oortuigend daarstel; haat, verbetenheid en groeiende wanhoop, haar uiterste vermoeidheid; haar eensaamheid; en haar bittere teleurstelling in haar medemens, veral in die kerk. Die verhouding tussen Ingrid en die wit gemeenskap, waarvan die kerk voorste voorbeeld is, word gestel teenoor die innige simpatie wat sy deur Miriam uit die bruin gemeenskap ontvang. Hierdie kontras is myns insiens te skerp geteken, en geloofwaardigheid word daarmee ingeboet. Ook die tronk- en polisie-episodes neig na oordrywing.

*Anneli Ferreire - Tafelberg*

Die skrywer se intensiewe navorsing sorg vir 'n kredietwaardige verhaal.

*Elmarie Rautenbach - boekredakteur van **Insig***

Dis 'n boek wat verdien om gelees te word en welverdiend. Die verhaal is uitmergelend, maar loop teen 'n flinke pas. Dis lanklaas dat ek so 'n rou verhaal van persoonlike lyding, wanhoop en eensaamheid gelees het. Uiteindelik word die verhaal een van die grense van menslike uithouvermoë, en daarmee saam een van geloof.

*Gretel Wybenga*

Stereotipe karakterisering, met Ingrid as 'n martelaarsfiguur, en Miriam die argetipiese wyse ou vrou, is nie onoorkomelike leesobstruksies nie. Trouens, Miriam is 'n onvergeetlike karakter juis vanweë haar subtiele insig in die werkinge van die mens se gees wat sy uitsê in kleurvolle en beeldryke taal. Die té eksplisiete en volgehoue jukstaponering van die twee gemeenskappe was vir my struktureel hinderlik.

*My eie kritiek*

Ek het gevoel by die navorsing het sy moontlik die afwykings van verskillende kinders in die lyf van een Alexander ingedruk. Sy beweer dat hy nie pyn kan ervaar nie, maar dan weer krap hy die voorkant van sy knie as die muskiet hom in die waai van sy been gebyt het. Gebeure tussen Ingrid en Miriam sinchroniseer nie altyd nie. Aangrypend vir my was in hoever moederliefde kan strek (bladsy 246). Diep ontroerend was vir my die gedeelte op bladsy 286: *Toe sy hom weer sien kom Jeremia uit die nagskadu van 'n boomstam na haar aangeloop.* Ek dink nie dat Ingrid aandadig was aan die verdrinking van Alexander nie. Vergelyk Miriam se woorde op bladsy 275: *As hy groot waters sien vat hy stuipe.* Ek beveel die boek sterk aan.

⇨

## Prikkelende vrae

**Ek het Raaiselkind 'n boeiende verhaal gevind, maar dit was vir my deurentyd 'n wroeging om dit te lees. Het jy as outeur nie ook gewroeg terwyl jy dit geskryf het nie?**

Om met 'n outistiese kind saam te leef, is méér as net 'n wroeging. Ek wou graag hê dat die leser dit werklik aan sy eie vel sal voel. Net die navorsing het my bykans van my trollie gehad, letterlik. Toe ek besig was met die skryf van die boek, het my dokter voorgestel dat ek vir 'n paar weke in 'n psigiatriese inrigting gaan rus en my emosionele kragte herwin voordat ek verder skryf. Ek was soos 'n mens wat nie kon praat of roer nie. As diabeet het my suikervlakke kommerwekkend gestyg en ek het tot my ontsteltenis en walging weer begin om my naels te byt. Soms het ek vergeet om te eet, en baie nagte het ek myself wakker gehuil. En gerook soos lanklaas. Fisiek was ek verwaarloos en my hare het in my oë gehang. Ek dink ek het aan 'n major depression gely. Soms het ek soos 'n gees deur my huis rondgedwaal en nie meer geweet wié en wát ek is nie. Tog, ek dink die manier waarop ek die verloop van 'n boek en die hartsplekke van die karakters my eie maak, is deel van die byval wat my werk by lesers vind. Hulle vóél saam.

**Ek het 'n geweldige skuldgevoel ondervind terwyl en nadat ek die boek gelees het. Enersyds omdat die mense se onbetrokkenheid by Ingrid se probleme vir my 'n persoonlike aanklag was, en andersyds omdat ek saamstem met wat daar oor die kerk gesê word. Het jy probeer om jou lesers op 'n 'guilt trip' te sit?**

Nee, ek het nie probeer om my lesers op 'n guilt trip te sit nie. Ek het net die waarheid geskryf soos wat die waarheid vir my gelyk het. Ek dink nie dis 'n skrywer se reg om emosionele skuldgevoel by mense af te dwing nie; dis vir daardie mens om volgens sy eie morele standaarde te besluit of hy skuldig wil voel, al dan nie. Tydens my navorsing het ek met honderde mense gepraat oor die kerk en kerkverwante sake. Ekself het 'n bitter slegte ervaring met die kerk gehad, maar ek moes dit eenkant sit (nogal nie so maklik nie, want dit bly ék) en luister na wat die wye wêreld sê. Van car watchers tot verpleegsters tot straatkinders en prostitute en ouderlinge en predikante en winkeliers en kelnerinne, tot anderkant uit by dr Beyers Naudé. Ek het niemand ontsien nie, en reguit vrae gevra. En ja, die skaal het baie sterk téén die kerk geswaai. Mense is deesdae meer ingelig, hulle is oper vir bevraagtekening en beskou nie meer die kerk as die magsbedonnerde instansie wat dit enkele jare gelede nog was nie. Inteendeel, mense het oorwegend gesê dat hulle die kerk se motiewe wantrou en dat hulle nie meer gevoed word uit die kerk nie. Daar was 'n duidelik soeke na 'iets' by die breë mensdom.

Miskien moet ek vir jou die onderliggende drie strome van godsdiensbelewenis verduidelik wat daar deur **Raaiselkind** loop: Eerstens Gunter: Hy is 'n versinnebeelding van 'n diep Godsmens wat georganiseerde en groepgodsdiens ontgroei het. Hy het dit nie meer nodig nie, en kan daarsonder heeltemal goed funksioneer en terselfdertyd groei. Daar is deesdae baie sulke mense, en die samelewing moet vir hulle plek maak en ophou om nie-kerkgangers as 'ateïste' te beskou. Tweedens Ingrid: Sy wil graag deel wees van georganiseerde godsdiens en het genuine 'n behoefte daaraan. Sy soek 'n geborgenheid daarin. Maar die kerk (georganiseerde godsdiens) bring vir haar pyn. Miskien juis oor die mens se egoïstiese belange. Die geskinder en wedywery onder gemeentelede, asook die spontane kliekvorming, is vir party getroue kerkmense 'n bron van pyn en laat hulle verworpe voel. Só dikwels is mense aanvaarbaar in die georganiseerde godsdiens, solank hulle hulle tiende en meer as dit bring. Maar moenie dat daar 'n haakplek kom nie, o, hel, moenie... Derdens Miriam: Hier het ons 'n klassieke voorbeeld (wat enige ras kon wees) van iemand wat 'n kinderlike vertroue in die kerk en kerkstrukture het. Miriam glo alles letterlik en op 'n naïewe manier, en het volle vertroue in die Woord en die evangelis. Sy is dus 'n ordinêre kerkstroommens en dit bring vir haar geen pyn of angs nie. 'n Suiwere Jesusmens. Dit is wat haar gelukkig maak en die kuikenvalk weghou, en die samelewing het nie die reg om mense met sodanige vertroue/siening in die kerk uit te kryt as gatlekkers of opkruipers nie. Dis soos hulle is, en ons moet dit vir hulle gun.

**Die kritiek op die kerk word nogal deel van die verhaal.**

Eintlik het dit eers later bygekom. Ek was al besig om te werk oor outistiese kinders, besig om te dink hoe ek 'n boek daaroor kan maak, toe die kerk-kwessie deel van die boek begin word het. As gewese skriba en kerkorreliste het ek 'n goeie verwysingsraamwerk van die kerk en kerkordelike sake. En binne-in my was daar iets wat gebewe het oor die kerk. Maar kom ons vra eers: Wie is die kerk? Die kerk as sulks is net 'n gebou van stene en sement. Die kerk, die hart van die kerk, is die mense van die kerk. En as jy daardie mense se waardes in een pot gooi en saamkook, moet dit 'n verteerbare bredie wees. 'n Eerlike bredie. Dit is nie veronderstel om jou gal en sooibrand te gee nie. En ongelukkig het sommige van die bestanddele in hierdie bredie aan my maagvliese begin vreet.

Waaroor behóórt die kerk eintlik te gaan? Gaan dit oor herdersverering, of oor mag, of oor geld, of oor God? Jy weet, dis iets van klein dorpies - hulle kan nie leef sonder 'n soort aristokrasie nie. Bloubloed-aanbidding. Die dominee, prokureur, dokter, bankbestuurder, skoolhoof en stadsklerk is die blou bloed. En die res van die dorp draf min of meer in absolute gehoorsaamheid agter hierdie klein groepie geleerde mense aan. Dokter het gesê...dominee reken... Met goeie rede ook, want dis mense in magsposisies wat kan beskik oor ander mense se lewens. Gaan hulle teë en jy voel dit vinnig aan jou bas. As hierdie bloubloeders hulle waardes weeg en hulle skale regverdig yk, is dit goed. Maar gewoonlik sien hulle in die eerste plek na hul eie belange om en dit kan daartoe lei dat die res van die trop ompad loop in die lewe. As mens na die kommissiewerksaamhede van die NG Kerk in die algemeen kyk, raak mens geskok-stil as jy sien watter makabere persentasie van hulle begroting word gewy aan die sake van die Koninkryk. Daar is vele gevalle waar 'n gemeente se ringkoppe se beplande begroting per jaar, vir die vier belangrikste kommissies - Sending, Barmhartigheid, Jeug, Gemeentebediening - 'n fraksionele persentasie van die begroting uitmaak. Hierdie kommissies het met die eintlike siel en hart van die kerk te make. Dit ontstel en verwar my. Want as 'n kerkraad willens en wetens daardie ou korsietjie eenkant sit vir God se eintlike koninkryk, hoe verwag hulle moet God sy seën uitdeel? In dieselfde verhouding, of hoe?

Ek het begin wonder: Is die kerk nie net 'n magsinstrument nie? Of is die kerk 'n politieke fluit wat 'n heeltemal ander wysie uitblaas as wat met die lippe daarin geblaas word? Of is die kerk 'n geldmaakskema? Of is dit 'n baie slim skuilplek vir die Bose? Jy moet verstaan, ek het as streng Calvinis grootgeword. Niks daarmee verkeerd nie. Maar my eie tien gebooie was vir my 'n maatstaf, van moedersknie af. En skielik het dinge nie meer vir my sin gemaak nie. Een oggend, 'n warm bergwinddag, met my gemoed in verfloiing, het ek in die berge gaan stap en verskriklik gehuil. Op daardie bergwinddag, het ek tot die skuddende besef gekom dat my ankers vol leuens was. Die kerk en die Christendom - kón nie meer my tien gebooie wees nie. Ek wóú nie meer deel wees van iets waarin ek nie

meer my rus kon vind nie. Ek het teruggeloop huis toe en - figuurlik gesproke - op die stadsplein gaan staan en my sienings en vertwyfelinge uitgeskree aan almal wat wou hoor.

**Jou kritiek op die kerk is nogal fel in die boek, maar die eerste resensie wat ek van Raaiselkind gelees het, het meer klem gelê op jou ondervinding in die tronk. Was daar enige reaksie vanuit kerkkringe op die kritiek?**

Ek het baie kritiek uit kerkkringe verwag. En nogtans kan ek sê dat ek feitlik géén kritiek gekry het nie. Tydens die KKNK het twee (NG) predikante na my toe gekom ná een van die vertonings van **Raaiselkind**, en vir my gesê hulle salueer my dat ek die kerk so kaalkop aangevat het. Van oraloor het ek briewe en e-posse gekry van vertwyfelde mense wat hulle harte by my wou uitpraat oor hulle teleurstelling in kerkheid. 'n Gemeente hier in die Baai het wel (soos ek hoor) op 'n kerkraadsvergadering besluit dat ek nooit weer as orrelis by hulle mag optree nie. I can't be damned. Dis weer eens vir my 'n bewys van onchristelikheid, en dalk ook van 'n innerwoede wat hulle teen my dra omdát ek die waarheid geskryf het. Instansies soos die kerk (en die politiek en die wetenskappe) hou niks daarvan as hulle swakhede blootgelê word nie.

**Die einde is nie voorskriftelik nie. Het jy dit doelbewus so geskryf dat die leser hulle eie Christenskap kan toets?**

Die einde was doelbewus só geskryf, ja. 'En die waarheid, die volle waarheid, vir die wind gegee (het) om weg te waai.' Eintlik wou ek by die lesers 'n twyfel skep: het sy, of het sy nie, die kind vermoor nie? Wat toe goed uitgewerk het, want by elke funksie is dit die eerste vraag wat mense tydens vraetyd vra. Dan sê ek altyd: Goed, ek sal julle vraag beantwoord, maar eers moet julle vir my 'n ander vraag beantwoord. My vraag is: As die Christene wat hulle Christenskap so breëbors verkondig (waaronder ek ook tel) net één tiende van hulle Godsplig gedoen het teenoor Ingrid en Dawid en hulle kinders, sou hierdie tragedie ooit plaasgevind het? Dan bly almal tjoepstil. Ek wag. Ek wag. Dan begin hulle so na mekaar loer, en skud hulle koppe baie liggies. En kort voor lank is dit 'n hittige bespreking. En die antwoord is altyd: Nee, die tragedie sou waarskynlik nie plaasgevind het nie. In wese is **Raaiselkind** nie 'n boek oor outisme nie. Ek het outisme gebruik as 'n stuk gereedskap om by menslike lyding en menslike verantwoordelikheid uit te kom.

Elke leser moet die einde van die verhaal indrink soos sy eie lewenswaardes vir hom voorsê. As dit so is dat Ingrid die kind doodgemaak het, of laat sterf het, sou die tragedie hoegenaamd plaasgevind het as die Christengemeenskap hul deel bygedra het om vir Ingrid te help, soos wat hulle volgens die tweede gebod bely hulle wel doen? Ek het baie ernstige bedenkinge oor die praktiese wyse waarop Christene - en ek sluit myself daarby in - hulle geloof uitleef. Ek weet hoe dit is. Ek het ook 'n vriendin gehad met 'n outistiese kind, en op 'n dag het ek besluit, tot hiertoe en nie verder nie. Mens kan nie 'n koppie tee in vrede drink nie, jy weet nooit wanneer hy dit uit jou hand klap nie. Jy kan nie drie woorde agtermekaar sê sonder 'n helse geskree in jou ore nie. Nee, dis definitief nie maklik of eenvoudig nie. Dit was ook waar dit vir my begin het, en ek het toe begin navorsing doen oor outistiese kinders. In tallose onderhoude met ouers en ander gesinslede, was ek tot in my murg geskok oor hoe eensaam en verstote en mensverlate hierdie mense is. Hulle dra, ongevraagd, aan 'n Kaïnsmerk waaraan hulle niks kan doen nie. Een aand, ná 'n lang gesukkel met 'n oppasser, het ek een só 'n ma vir ete uitgeneem, om haar weg te kry uit die warboel by die huis sodat ons in vrede kon gesels. Sy was onbekend met 'n alledaagse spyskaart, ontsettend onseker van haarself, ek kan amper sê bang. Toe kom dit uit dat dit die eerste maal in elf jaar is dat sy in 'n restaurant eet.

Soms steek my karakters ook vir my goed weg. Ingrid het haar diepste volle waarheid vir my weggesteek, tot vandag toe. Maar ek glo dat sy 'n aandeel aan die kind se dood gehad het. Kyk, hy het nie verdrink nie, want daar was nie water in sy longe nie, so sy het hom nie doodgemaak nie. Maar ek dink in daardie vermoedelose oggendure het sy net een begeerte gehad en dit was om te slaap. Sy wou hom in die bad kry en kyk of hy nie rustig wil word nie. Tien teen een het sy vir die eerste keer in nege jaar haar humeur geheel en al verloor en hom in die bad probeer indwing. En met die spattery en teësittery het daar 'n waterdruppel in sy lugpyp beland. Maar Ingrid was buite haarself en het waarskynlik aanhou skree en oorkook. She lost it. En Here, toe sy weer kyk, toe is die kind slap... So, doelbewus was dit nooit. Maar ek dink dat sy in haarself geweet het sy het reeds nege jaar lank haar tronkstraf uitgedien, en ter wille van haar dogters en Gunter en die stukkie lewe wat voorgelê het, het sy 'n besluit tot ontkenning geneem. Sy het begeer om te léwe. Maar ek glo nie dat Ingrid - ná die einde van die verhaal - ooit werklik 'n gelukkige en tevrede vrou was nie. Wat gebeur het, sal sy vir ewig in haar ma-hart dra. En al sou niemand anders dit weet nie, nie eens Gunter nie, sou die kuikenvalk elke nag sy Kaïnsmerk op haar kom plant het. Ingrid was 'n goeie ma, sy was net 'n ma wat the end of her tether bereik het. En ek weet nie of mens haar kan kwalik neem nie.